LAERSKOOL IMPALA
SPORTBELEID

INLEIDING

EREKLEURE
'n Blou balkie (lap) met goue borduursel sal voortaan aan alle sportsoorte binne en buite skoolverband toegeken word.
Leerders moet egter 'n geldige bewys vanaf die betrokke instansie by die sportbestuurder inhandig.
Die sportbestuurder sal dan die erekleure toekennings aan die hoof voorlê vir goedkeuring.

AANSTEEKWAPEN
'n Metaalbalkie sal aan spanne wat in skoolverband aan die nodige vereistes voldoen, oorhandig word op die prysuitdeling.
'n Aansteekwapen kan slegs aan sport toegeken word wat in skoolverband gespeel word.
'n Aansteekwapen mag slegs op die skool se amptelike erekleure baadjie gedra word.

1. Atletiek

SERTIFIKAAT
- Atlete wat kwalifiseer om aan die Groter Kempton Park deel te neem ontvang 'n sertifikaat.

AANSTEEKWAPEN
- Atlete wat kwalifiseer om aan die D17 kampioenskappe deel te neem ontvang 'n aansteekwapen.

EREKLEURE
- Atlete wat kwalifiseer om aan die Gauteng Kampioenskappe deel te neem ontvang erekleure.

2. Krieket

B-SPANNE : SERTIFIKAAT

- ‘n Span (plaasvervangers ingesluit) wat eindig as naaswenners in die Kempton-liga, ontvang almal ‘n sertifikaat.

AANSTEEKWAPEN

- Wanneer ‘n span die finaal wen ontvang die span, plaasvervangers ingesluit, ‘n aansteekwapen.

LET WEL: B-Spanne kan slegs ‘n aansteekwapen as hoogste toekenning ontvang.

A-SPANNE: SERTIFIKAAT

- Spanne (plaasvervangers ingesluit) wat as naaswenners in die Kempton-liga eindig ontvang ‘n sertifikaat.
- Wanneer ‘n speler vir 5 jaar deel van ‘n A-span was, ontvang daardie speler ‘n sertifikaat.

AANSTEEKWAPEN

- Spanne (plaasvervangers ingesluit) wat as wenners in die Kempton-liga eindig ontvang ‘n aansteekwapen.
- Spelers wat by die proewe gekies word vir die Kempton Streekspan ontvang ‘n aansteekwapen.

EREKLEURE

- Wanneer ’n A-span die Easterns- of Ekurhuleni-finaal wen, ontvang die span as geheel, plaasvervangers ingesluit, erekleure.
- Spelers wat individueel Oos-Gauteng kleure verwerf en aan provinsiale weke deelneem, ontvang erekleure.

3. Hokkie

SEUNSHOKKIE

SERTIFIKAAT:

- Wanneer ‘n speler vir 4 jaar deel was van ‘n A-span, ontvang daardie speler ‘n sertifikaat.

AANSTEEKWAPEN

- Wanneer ‘n span as naaswenners in die Oos-Gauteng finaal eindig ontvang die span as geheel, plaasvervangers ingesluit, ‘n aansteekwapen.
- Spelers wat by die proewe gekies word vir die Kempton Streekspan ontvang ‘n aansteekwapen.

EREKLEURE

- Wanneer ‘n span die Oos-Gauteng finaal wen, ontvang die span as geheel, plaasvervangers ingesluit, erekleure.
- Spelers wat individueel provinsiale kleure verwerf ontvang ook erekleure.

DOGTERSHOKKIE

SERTIFIKAAT:

- Spanne wat as naaswenners in die Kempton-liga eindig ontvang ‘n sertifikaat.
- Wanneer ‘n speler vir 4 jaar deel was van ‘n A-span, ontvang daardie speler ‘n sertifikaat.

AANSTEEKWAPEN

- Wanneer ‘n span 1ste in die Kempton-liga eindig, ontvang die span as geheel, plaasvervangers ingesluit ‘n aansteekwapen.
- Spanne wat as naaswenners eindig by die Oos-Gauteng uitspele, ontvang ‘n aansteekwapen.
- Spelers wat by die proewe gekies word vir die Kempton Streekspan ontvang ‘n aansteekwapen.

EREKLEURE

- Wanneer ‘n span die Oos-Gauteng finaal wen, ontvang die span as geheel, plaasvervangers ingesluit, erekleure.
- Spelers wat individueel provinsiale kleure verwerf ontvang ook erekleure.

4. Netbal

B-SPANNE : SERTIFIKAAT

- Wanneer ‘n span 2de in die Super-liga eindig, ontvang elke speler, plaasvervangers ingesluit, ‘n sertifikaat.

AANSTEEKWAPEN

- Wanneer ‘n span eerste in die Super-liga eindig, ontvang die span, plaasvervangers ingesluit ‘n aansteekwapen.
  LET WEL: B-Spanne kan slegs ‘n aansteekwapen as hoogste toekenning ontvang.

A-SPANNE : SERTIFIKAAT

- Wanneer ‘n speler vir 4 jaar deel was van ‘n A-span, ontvang daardie speler ‘n sertifikaat. Hierdie toekenning sluit slegs O/10 – O/13 in.

AANSTEEKWAPEN

- Wanneer ‘n span as naaswenners in die Super-liga eindig, ontvang die span, plaasvervangers ingesluit, ‘n aansteekwapen.
- Vir deelname aan die Gauteng uitspele ontvang die span ‘n aansteekwapen.
- Spelers wat by die proewe gekies word vir die Distrikspan, ontvang ‘n aansteekwapen.

EREKLEURE

- Wanneer ‘n span top 5 by Gauteng eindig, ontvang die spelers, plaasvervangers ingesluit, erekleure.
- Spelers wat individueel provinsiale kleure verwerf ontvang erekleure.

5. Landloop

SERTIFIKAAT:

- Atlete wat aan al 3 liga wedlope deelgeneem het en in die Top 30 geëindig het, ontvang ‘n sertifikaat.

AANSTEEKWAPEN

- Atlete wat gekies word vir die Groter Kempton Park-span wat gaan deelneem aan die D17-kampioenskappe, ontvang ‘n aansteekwapen.

EREKLEURE

- Atlete wat gekies word vir die D17-span wat aan die Gauteng kampioenskappe gaan deelneem, ontvang erekleure.

6. Skaak

B-SPANNE: SERTIFIKAAT

- ‘n Span wat as naaswenners in die Kempton-liga eindig, ontvang sertifikate.

AANSTEEKWAPEN

- Die skaakspan wat die Kempton-liga wen ontvang hul ‘n aansteekwapen.
  LET WEL: B-Spanne kan slegs ‘n aansteekwapen as hoogste toekenning ontvang.

A-SPANNE: SERTIFIKAAT

- Spanne wat as naaswenners in die Kempton-liga eindig, ontvang ‘n sertifikaat.
- Wanneer ‘n speler vir 5 jaar deel was van ‘n A-span, ontvang daardie speler ‘n sertifikaat.

AANSTEEKWAPEN

- Spanne wat as wenners in die Kempton-liga eindig, ontvang ‘n aansteekwapen.
- Spelers wat individueel, Ekurhuleni kleure verwerf, ontvang ‘n aansteekwapen.

EREKLEURE

- Spanne wat die Distrikfinaal wen, ontvang erekleure.
- Spanne wat by Gauteng in die Top 5 eindig, ontvang ereklere.
- Skaakspelers wat provinsiale kleure verwerf ontvang ook hul erekleure.

7. Rugby

B-SPANNE SERTIFIKAAT

- Spanne wat as naaswenners in die Valke-finaal eindig, ontvang die spelers, plaasvervangers ingesluit, sertifikate.

AANSTEEKWAPEN

- Spanne wat as wenners in die Valke-finaal eindig, ontvang die span, plaasvervangers ingesluit, ‘n aansteekwapen.

LET WEL: B-Spanne kan slegs ‘n aansteekwapen as hoogste toekenning ontvang.

A-SPANNE:

SERTIFIKAAT

- Wanneer ‘n speler vir 5 jaar deel was van ‘n A-span, ontvang daardie speler ‘n sertifikaat.

AANSTEEKWAPEN

- Wanneer ’n span as naaswenners in die Valke-finaal eindig, ontvang die span, plaasvervangers ingesluit, ‘n aansteekwapen.
- Spelers wat tydens proewe Kempton streekspan kry, ontvang ‘n aansteekwapen.

EREKLEURE

- Wanneer ‘n span as wenners in die Valke-finaal eindig, ontvang die span as geheel, plaasvervangers ingesluit, erekleure.
- Spelers wat individueel provinsiale kleure verwerf, ontvang erekleure.

8. 7’s Rugby

EREKLEURE

- Spelers wat individueel provinsiale kleure vir Valke 7’s verwerf, ontvang ook erekleure.

9. Tennis

ONTWIKKELINGSPANNE: SERTIFIKATE

- Spanne wat as naaswenners in die Kempton-liga eindig, ontvang sertifikate.

AANSTEEKWAPEN

- Spanne wat die Kempton-liga wen ontvang ‘n aansteekwapen.
  LET WEL: B-Spanne kan slegs ‘n aansteekwapen as hoogste toekenning ontvang.

A-SPANNE: AANSTEEKWAPEN

- Spanne wat as wenners in die Kempton-liga eindig, ontvang ‘n aansteekwapen.

EREKLEURE

- Spelers wat provinsiale kleure verwerf, ontvang erekleure.

10. Gholf

AANSTEEKWAPENS:

- Spanne wat as naaswenners in die Super-liga eindig, ontvang ‘n aansteekwapen.

EREKLEURE:

- Spelers wat die Super-liga wen, ontvang erekleure.
- Spelers wat provinsiale kleure verwerf, ontvang ook erekleure.

11. Jukskei

B-SPANNE/ ONTWIKKELINGSPANNE: SERTIFIKATE

- Spanne wat as naaswenners in die Oos-Gauteng liga eindig, ontvang ‘n sertifikaat.

AANSTEEKWAPENS:

- Spanne wat as wenners in die Oos-Gauteng liga eindig, ontvang ‘n aansteekwapen.
  LET WEL: B-Spanne kan slegs ‘n aansteekwapen as hoogste toekenning ontvang.

A-SPANNE: AANSTEEKWAPEN

- Spanne wat as naaswenners in die Oos-Gauteng liga eindig, ontvang ‘n aansteekwapen.

EREKLEURE:

- Spanne wat as wenners in die Oos-Gauteng liga eindig, ontvang erekleure.
- Spelers wat provinsiale kleure verwerf, ontvang ook erekleure.

12. Ringbal

B-SPANNE/ ONTWIKKELINGSPANNE: SERTIFIKATE

- Wanneer die span (plaasvervangers ingesluit) as naaswenners in die Ekurhuleni-liga eindig, ontvang die spelers sertifikate.

AANSTEEKWAPEN:

- Wanneer die span die Ekurhuleni-liga wen, ontvang die spelers (plaasvervangers ingesluit) ‘n aansteekwapen.
  LET WEL: B-Spanne kan slegs ‘n aansteekwapen as hoogste toekenning ontvang.

A-SPANNE:

AANSTEEKWAPEN:

- Wanneer die span (plaasvervangers ingesluit) as naaswenners in die Ekurhuleni-liga eindig, ontvang hul ‘n aansteekwapen.

EREKLEURE:

- Wanneer die span (plaasvervangers ingesluit) as wenners in die Ekurhuleni-liga eindig, ontvang hul ‘n aansteekwapen.
- Spelers wat Ekurhuleni-Noord kleure verwerf en aan die Suid-Afrikaanse toernooi deelneem, waar vyf of meer provinsies betrokke is, ontvang erekleure.

13. Hengel

B-SPANNE EN A-SPANNE: AANSTEEKWAPEN

- Wanneer die span as naaswenners in die Sentraal-Gauteng liga eindig, ontvang die spelers ‘n aansteekwapen.

EREKLEURE:

- Spanne wat die Sentraal-Gauteng liga wen, ontvang erekleure.
- Spelers wat provinsiale kleure verwerf, ontvang erekleure.

14. Sport buite skoolverband

- Wanneer ‘n leerder vir enige sport, wat nie deur die skool aangebied word nie, provinsiale kleure verwerf en ook deelneem aan ‘n nasionale toernooi/ byeenkoms waar 5 of meer provinsies verteenwoordig word, sal die leerder erekleure ontvang.
- Slegs ‘n brief van die toernooi organiseerders is voldoende bewys.

15. Spesiale toekennings

- Spanne of spelers wat hulself by sport binne skoolverband uitpresteer op nasionale of internasionale vlak, sal na aanleiding van die skool se bestuur ‘n spesiale toekenning ontvang.

Mini-sporte (Netbal, Valkie-Rugby, Hokkie, Krieket)

- Omdat hierdie ‘n vriendskaplike liga is ter ontwikkeling van spelers ontvang hulle slegs sertifikate sonder toekenning van enige erekleure. Sertifikate word slegs tydens die erkennings oggende oorhandig.